

**23 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:10-17**  
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:13**

### **Lewe verenig met Christus**

Die eer van gemeente van Korinte en saam met hulle van elke ander gemeente, is dat hulle deur God, wat altyd getrou is aan Homself en sy Woord, geroep is om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here. In sy groet aan hulle (1:2) noem Paulus hulle geheiligdes (1953-vertaling) of afgesonderdes vir God (1983-vertaling). En in 9 sê hy dat God hulle geroep het tot gemeenskap (33/53) met sy Seun Jesus Christus. Die 1983-vertaling omskryf “gemeenskap” met “om verenig te lewe” met sy Seun.

God plaas inderdaad 'n hoë premie op die eenheid van sy kerk! Die optrede van die gelowiges in Korinte het hierdie heerlike genadevoorreg verrinneweer. Hulle het, elkeen onder die naam van een van die apostels, groepe gevorm. Dit het gelei tot lelike en bitter twisgesprekke tussen hulle.

Paulus roep hulle broederlik en met liefde tot orde, met 'n ontblotende vraag: Is Christus dan verdeel? Christus wat vir ons gebid het: “... dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in my is en Ek in U” (Joh. 17:20, 21)! Daarom pleit Paulus by hulle om eensgesind te wees. Die oorspronklike sê letterlik dat “almal dieselfde moet sê”. Hulle moet uit een mond praat. Een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.

So het Jesus ons voorgedaan. Lees Filippense 2:5-8. Hy het Homself verneder sodat ons sy heerlikheid kan erf. Dit is die gesindheid waarin die Here wil hê dat ons met mekaar moet leef. Lees nou Filippense 2:9-11: “... dat elke tong sou erken ‘Jesus Christus’ is Here.” So moet ons ons met Hom verenig! Ons koppe en ons harte moet almal op die dieselfde plek wees: by Christus en by God!

Daarvoor het Hy die Heilige Gees aan ons gegee.

*Sing: Psalm 84:1, 5*

*Ds. PB de Klerk (Emeritus)*